DR MJ DU P BEUKES

Handleiding by die Katkisasie

VIR OUERS, KERKRAAD EN KATEGESE

1561

R1.50
83-1561
KITAL

HANDLEIDING BY DIE KATKISASIE

83-1561
KITAB

Dr M J du P Beukes

HANDLEIDING BY DIE KATKISASIE

(Vir ouers, kerkraad en kategete)

HAUM

PRETORIA · KAAPSTAD

Geset in 10 op 12pt Palatino VIP
Bandontwerp, tipografie en setwerk deur
Dieter Zimmermann (Edms) Bpk, Johannesburg
Gedruk deur Weeshuispers
Posbus 18061, Hercules 0030

ISBN 0 7986 0394 1

Eerste uitgawe Eerste druk 1978

Inhoud

Voorwoord ..... (vii)
Die doel van die kategese 1
Wie moet kategeet wees 7
Die verhouding tussen kategese en ander verkondigings-
gestaltes 13
Die kategetiese stof 14
Toelating tot belydenis van geloof 18
Praktiese aanbevelings 19

Voorwoord

Daar bestaan tans so 'n groot behoefte aan 'n boekie soos dié dat dit haas onnodig is om die belangrikheid daarvan te beklemtoon.

Dit is nou maar eenmaal 'n feit dat *kategete* in die praktyk dié mense is wat hul dienste vrywilliglik aanbied en dan met die kategese behulpsaam is. Anders as wat dit die geval met onderwysers op skool is, is kategete meesal hoegenaamd nie opgelei vir dié spesifieke, veeleisende taak nie. Boonop ontbeer kategete gewoonlik die gebruik van 'n klaskamer, skryfbord, prente teen die mure, truprojektors en ander hulpmiddels; wat hul taak nog verder bemoeilik, is die feit dat verskillende klasse terselfdertyd van dieselfde lokaal gebruik moet maak. Dat kategete, ten spyte van so 'n onideale leersituasie, welslae met hul onderrig behaal, is dus byna ongelooflik. Dit spreek boekdele vir die gesindheid, toewyding, deursettingsvermoë, liefde en ywer waarmee sulke kategete hul werk doen!

Hierdie werkie uit die pen van dr. Beukes word allerweë verwelkom omdat dit voorsien in 'n langgevoelde behoefte in die kerk. Hierin wil hy vir kategete, dus ook vir ouers en kerkraad, 'n paar riglyne uitstippel om hierdie heerlike taak doeltreffender te kan verrig. Ons glo dat dié werkie, wat die kategese betref, 'n groot bydrae te lewer het.

J.P. Botha
Pretoria
2 Maart 1978

Die doel van die kategese

Voortdurend word die vraag gevra: waarom moet ons katkiseer? Baie mense dink dat die kategese iets is wat een of ander tyd deur mense ontwerp is en dat dit vandag bloot deur die kerk beoefen word op grond van 'n eeue-oue tradisie. Noukeurige ontleding van hierdie saak bring egter aan die lig dat die kategese nie gegrond is op mensedenke nie, maar op die Woord van God, die Bybel.

Die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gee 'n goeie antwoord waarom ons moet katkiseer: "Die kategese is die onderrig aan die kinders van gelowiges op grond van hulle doop, met die oog op die openbare belydenis van die geloof, die deelname aan die sakrament van die heilige nagmaal en die verantwoordelike lidmaatskap van die Kerk" (Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, met wysigings soos aangeneem tot en met die 58ste Algemene Kerkvergadering, artikel 17.1, bladsy 6). Die Kerkwet in sy bepalings omskryf hierdie saak nog verder: "Die kategese het tot doel om die jeug van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree te onderrig aangaande die leer van die kerk waarin hulle opgeneem is deur die doop, om hulle voor te berei vir die deelname aan die heilige sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder" (Kerkwet, a.w., bepaling 90, bladsy 60). Uit hierdie omskrywing van die Kerkwet is die volgende duidelik:

1. Die kategese is die onderrig aan gelowige gedoopte kinders en aan hulle wat tot die kerk wil toetree. Ons handel in hierdie werkie net oor die kategese aan gelowige gedoopte kinders.
2. Die kategese is die onderrig aangaande die leer van die kerk.
3. Die kategese berei die katkisant voor vir belydenis van geloof, die gebruik van die sakramente en verantwoordelike Christenskap in die wêreld.

Die katkisant is gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. "As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons tot sy kinders en erf-

gename aanneem ... As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy met sy bloed al ons sondes afwas en dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en van sy opstanding inlyf ... As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig: Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe" (Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien.)

Deur die sakrament van die doop het die dopeling die sigbare bewys ontvang dat God met hom 'n ewige genadeverbond opgerig het, dat Christus hom met God versoen het, dat die Heilige Gees in hom wil woon en werk. Hierdie doop is 'n eenmalige gebeure wat vir die dopeling se hele lewe betekenis het. Die "doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons die water ontvang nie, maar ook vir die ganse tyd van ons lewe" (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34). Die waarheid wat tydens die dopeling se doop aan hom betuig en verseël is, wil hom gedurende sy hele lewe verseker: Jy is die eiendom van God, jy is duurgekoop met die bloed van Christus, jy is geheilig deur die Heilige Gees. Die katkisant se doop kan hom alleen in hierdie waarheid vertroos as hy dit glo wat tydens sy doop aan hom betuig en verseël is. Op grond van sy doop word die katkisant opgeroep om te glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is met die oog op hierdie geloof dat die kerk die gedoopte kinders katkiseer. Die kategese geskied in die eerste plek met die oog op die dopeling se versterking, bewaring en vermeerdering in die geloof.

As ons sê ons katkiseer ons kinders met die oog op die geloof in die drie-enige God, dan verstaan ons onder die geloof iets besonders. Hierdie geloof is nie net 'n vae en onbeduidende gevoel dat daar 'n opperwese êrens in die heelal bestaan, wat in mag en krag meer as die mens is nie. As die kerk praat van geloof, verstaan die kerk daaronder geloof soos die Heidelbergse Kategismus dit beskryf. "'n Opregte geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord ge-openbaar het nie, maar ook 'n hartlike vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en

KITAL

saligheid deur God geskenk is uit louter genade, alleen op grond van die verdienste van Christus" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag en antwoord 21). Uit hierdie kort omskrywing van die Heidelbergse Kategismus is dit duidelik dat geloof uit twee dele bestaan. Geloof is kennis aangaande God en vertroue in God. Geloof is "kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord." (Geloofsleer, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Sondag 7, vraag en antwoord 13).

Op verskillende plekke in die Bybel klink die opdrag dat die mens God moet ken, dat hy aangaande God 'n vaste en sekere kennis moet hê. Die profete roep die volk telkens toe: "Ken die Here." Die apostel Petrus sê: "Julle moet toeneem in die genade en kennis van ons Here en Saligmaker Jesus Christus" (II Petr. 3:18). Kennis aangaande God word hier gestel as 'n moet, 'n noodsaaklikheid. Die werklike sin van die mens se bestaan is dat hy God sal ken. God het die mens juis geskape sodat hy sy Skepper reg sou ken (Vergelyk Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 6). Lukas skryf sy evangelie sodat Teofilus en alle mense die dinge aangaande Jesus Christus noukeurig sal weet (Vergelyk Luk. 1:1–4). Dit spreek eintlik vanself dat geen mens in God kan glo as hy Hom nie ken nie. Om God te ken, is nie sondermeer 'n menslike moontlikheid nie. God self moet die kennis en die verstand gee. As God ons nie genadig is nie, sal ons Hom nooit ken nie. God self het aan Israel die hart gegee om Hom te ken (Jer. 24:7). God is alleen kenbaar as Hy Homself bekend maak. In Sy grote genade het God homself in die volheid van die tyd bekendgemaak. Hoe God Homself bekendgemaak het, leer die Bybel ons duidelik. "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun" (Hebr. 1:1). In die ou tyd, dit is gedurende die tyd van die Ou Testament het God sy wil aan die profete bekend gemaak en hulle het dit weer aan die volk Israel oorgedra. In die volheid van die tyd het God Homself volkome bekend gemaak in en deur sy Seun Jesus Christus. Wie Christus gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:9). Al die skatte van kennis is daarom in Hom verborge (Kol. 2:3). Hierdie kennis van God in Jesus Christus is deur oor- en ooggetuies vir ons opgeteken in die Bybel (Vergelyk I Petr. 1:10–12). Om God te ken, beteken om Hom te ken soos die Bybel van Hom getuig. "Daarom glo ons dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en

dat alles wat die mens moet glo om gered te word, daarin genoegsaam geleer word" (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7).

Hierdie kennis van God is egter nie dieselfde as gewone wetenskaplike kennis nie. Gewone wetenskaplike kennis is feite wat as die waarheid kan en wil bewys word. Dit is tegelyk feite wat die mens nie sondermeer persoonlik raak nie. Die waarheid aangaande God, soos opgeteken in die Bybel, kan en wil nie bewys word as die waarheid nie. Die waarheid aangaande God wil sonder enige redenasie en bewysvoering as die waarheid aanvaar word. Tegelyk laat die kennis aangaande God die mens nie koud en onbeweeglik staan nie. Dit wil deur die werking van die Heilige Gees die mens bring tot die sekerheid, die vaste oortuiging dat dit wat die Bybel beskryf 'n gebeure is wat terwille van jou persoonlik plaasgevind het. Die Bybel getuig in die eerste plek van die verlossing wat in en deur Jesus Christus gekom het vir die mens. Die Heilige Gees gebruik hierdie evangelie om die mens daarvan te oortuig dat die verlossing in Jesus Christus nie alleen vir ander mense plaasgevind het nie maar ook vir jou persoonlik.

Tydens die kategese word Bybelse feite aan die katkisante meegedeel. Hierdie Bybelse feite word vir die katkisante verklaar. Die katkisante word opgeroep om hierdie feite en hulle verklaring te ken. Langs hierdie weg, glo ons, wil die Heilige Gees die kategese gebruik om die katkisant se geloof in die drie-enige God onwrikbaar sterk te maak. "Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom. 10:17). So word deur middel van die kategese inhoud gegee aan die katkisant se doop en word die katkisant gebring tot die punt waar hy dit wat tydens sy doop aan hom betuig en verseël is, waaragtig glo. Die kategese moet so bedien word dat die katkisant uiteindelik self sal bely: Ek glo dat Jesus Christus vir al my sonde betaal het; Ek glo dat God my Vader is; Ek glo dat die Heilige Gees aan my gegee is met die oog op my geloof in Christus.

Die doop getuig enersyds van God se genade en andersyds plaas dit die dopeling onder 'n geweldige opdrag. Die doop is tegelyk gawe en opgawe, gawe en bevel. Die dopeling is gedoop in die naam van die Vader. Hy het die teken en die seël ontvang dat God sy Vader is en dat hy die eiendom van God is. Deur hierdie waarheid word hy getroos maar tegelyk word hy opgeroep om in die wêreld te leef soos iemand wat aan die Here behoort. Hy word opgeroep om uit dankbaarheid te leef soos die eiendom van die

Here, die Bybel, moet die enigste norm en maatstaf van sy lewe wees. Sy eie gevoel en opvattings moet nie meer die bepalende faktor van sy lewe wees nie, maar dit wat die Here in sy Woord sê. Die kennis aangaande hierdie grondbeginsel plaas hom ondubbelsinnig onder die besef dat die Bybel in die middelpunt van sy lewe moet staan. Hy moet dit elke dag lees en ondersoek. Hy moet dit elke Sondag beluister, want juis langs hierdie weg wil die Heilige Gees sy geloof versterk en hom lei op die pad wat God welbehaaglik is. Die waarheid van die grondbeginsel dat hy aan God behoort, roep hom op om te besef dat hy sy geloof moet uitleef binne die grense van sy kerk. Die kategese leer die dopeling dat die eiendom van God nie passiewe toeskouers in die gemeente is nie, maar meelewende, meewerkende lidmate. Hyself moet besef dat dit sy taak en roeping is om mee te werk tot die uitbreiding van God se koninkryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder. Elke gelowige het in die wêreld dienswerk om te verrig (Ef. 4:12). Hierdie dienswerk is in die besonder om met woord en daad getuie te wees van Jesus Christus. "Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig" (I Petr. 2:9). Tydens die kategese word die gedoopte vanuit die Bybel verseker dat hy skoon gewas is met die bloed van Christus. Tegelyk word hy deur middel van die Woord geleer dat hy alles van Jesus Christus alleen moet verwag. Tydens die kategese word hy deur die onderrig uit die Bybel verseker dat hy geheilig is deur die Heilige Gees. Tegelyk word hy opgeroep om hom alleen te laat lei deur die Gees van God.

Deur middel van die kategese word die gedoopte vanuit die Bybel geleer aangaande die troos en die opdrag wat sy doop vir hom inhou. Tegelyk word hy langs hierdie weg onderrig in die leer van die kerk wat per slot van sake niks anders is as die inhoud van die Bybel nie.

Reeds in die Ou Testament kry ons die verskynsel dat die kinders wat deur die besnydenis opgeneem is in die verbond, onderrig is in die inhoud van die verbond (Deut. 4:10 en 6:1–25). Jesus Christus bring self die onderrig en die doop in die nouste verband met mekaar. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels. Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle be-

veel het" (Matt. 28:19). Die kerk het die noue verband tussen doop en kategese in die vroegste tye gehandhaaf. Nadat mense gekatkiseer is, is hulle na belydenis van geloof deur die doop in die gemeenskap van die kerk opgeneem. Na die eerste periode van die kerkgeskiedenis, toe die kinderdoop algemene praktyd geword het, is die kinders van gelowige ouers, nadat hulle gedoop is, gekatkiseer totdat hulle hulle geloof bely het in die midde van die gemeente.

Kategese vind nie alleen plaas met die oog op die sakrament van die doop wat die katkisant reeds ontvang het nie, maar ook met die oog op die sakramente wat die katkisant in die toekoms moet ontvang. Die sakramente is alleen bedoel vir die gelowiges. Christus het die sakramente nie vir alle mense ingestel nie, maar alleen vir hulle wat in Hom glo. God wil dat elkeen wat gedoop is, ook by die nagmaal sal uitkom. Deur die doop het God die betrokkene sigbaar is sy kerk ingelyf. Met die nagmaal wil Hy hom verder versorg. God wil ook dat elkeen wat gedoop is, sy kinders een of ander tyd ten dope sal hou. God se beloftes is immers "vir julle en vir julle kinders" (Hand. 2:39). Aangesien die ontvangs van die sakramente alleen moontlik is in die geloof, is die ontvangs van die sakramente en katkisasie onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Kragtens die breë omskrywing wat ons gegee het van geloof, sal dit alleen moontlik wees om deel te neem aan die sakramente, as ons die drie-enige God ken, as ons in die waarheid aangaande Hom, soos die Bybel van Hom getuig, gekatkiseer is.

As ons onderrig is in die Woord van God, as ons die God van die Woord ken en in Hom glo, dan is ons geroepe om ons geloof te bely. "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding" (Rom. 10:9 en 10). Hierdie belydenis moet nie net eenmaal plaasvind nie. Dit moet opnuut elke Sondag in die erediens weerklink. Dit moet elke dag deur ons woord en daad uitgeleef word. Hierdie hele stelling kan ook omgekeer word. Volgens die Bybel moet ons ons geloof in die drie-enige God bely. Hoe kan ons bely dat ons in Hom glo as ons Hom nie ken nie? Hoe kan ons Hom ken as ons nie aangaande Hom geleer het, in sy Waarheid gekatkiseer is nie?

Wie moet kategeet wees?

Die kategese is die werk van die ouers en die kerk. Reeds toe die ouers in die huwelik bevestig is, is die onderrig van hulle kinders aan hulle voorgehou. Die kinders wat hulle mag kry moet hulle opvoed in die waaragtige kennis en vrese van God tot sy eer en tot hulle saligheid (Formulier om die huwelike staat voor die gemeente van Christus te bevestig). Die dag met die doop van hulle kinders het die ouers self beloof dat hulle hulle kinders "in hierdie leer" sal onderrig en laat onderrig. Reeds in die ou Testament is die onderrig in die Woord van God gesien as 'n integrerende deel van die verbondsouers se verantwoordelikheid. "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deut. 6:6 en 7).

God het die kind aan die vader en die moeder toevertrou. Beide vader en moeder het die doopbelofte afgelê. Beide ouers is daarom verplig om die kind op te voed in die vrese van die Here. Die moderne tendens is al hoe meer en meer dat die Bybelse onderrig in die hande van die moeder alleen gelaat word. Die vader, so word gesê, is te besig met sy alledaagse werk. Sy eerste verantwoordelikheid, sê hyself, is om te sorg vir sy huisgesin se brood en botter. Hier sal ook altyd die Bybelwoord geld: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir wat Hy eis, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee" (Matt. 6:33). Wat sal dit jou baat dat jy vir jou kind al die goud en al die silwer van die wêreld gee, maar geestelik gaan hy verlore? Die grootste erfporsie wat 'n ouer vir sy kind kan gee, is nie 'n groot plaas, 'n stywe bankkrediet of groot geleerdheid nie, maar 'n opvoeding wat die geloof in Jesus Christus as sentrale inhoud het. Waar die Bybelse onderrig in die hande van die moeder alleen gelaat word, gebeur dit dikwels dat, na die geboorte van die tweede of die derde kind, die moeder nie meer verder daarmee kan volhou nie. Die uiteinde van die saak is dat die kinders elkeen 'n Kinderbybel present kry en hulle moet maar self sien en kom klaar.

Voordat die ouers self hulle kinders in die Bybel kan onderrig, is dit nodig dat hulle self eers die Bybel sal ken. Dit eis van die ouers dat hulle self voortdurend besig sal wees om die Bybel te onder-

soek. Dat hulle self Sondag na Sondag, erediens na erediens sal gaan luister na die verkondiging van die Woord in die kerk. Die ouer wat hierdie pad bewandel, sal die Bybelse inhoud in so 'n mate ken dat hy dit self aan sy kinders sal kan oordra.

Die ouer se kategese aan sy kind is nie iets wat beperk is tot 'n bepaalde dag van die week of 'n bepaalde uur van die dag nie. Hierdie onderrig loop oor al die dae van die week en oor al die ure van die dag. Elke oomblik moet die ouer daarmee besig wees – "as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy op staan." Die ouer het oneindig baie geleenthede om sy kind in die Woord te onderrig. Hy het elke dag die geleentheid as hy en sy kinders saam om die tafel sit, as hulle saam besig is om te werk, as hulle saam speel, as hulle saam op vakansie is. Die ouer het nooit nodig om te soek na geleenthede om sy kind in die Woord te onderrig nie; die geleenthede is altyd daar. Naas hierdie altyd besig wees om te onderrig, behoort daar in elke huisgesin elke dag 'n bepaalde geleentheid te wees wat in die besonder afgesonder word vir hierdie saak. In die outyd was die huisgodsdiens so 'n besondere geleentheid. Daar bestaan geen rede waarom die huisgodsdiens in die moderne tyd moet verval nie. Die huisgodsdiens hoef nie noodwendig in die aand of in die oggend gehou te word nie. Enige oomblik van die dag of die nag is daarvoor geskik. Elke huisgesin se omstandigheid sal bepaal op watter spesifieke tye dit die beste ingerig kan word.

Die kategese van die ouer behoort nie willekeurig te verloop nie. Dit behoort sistematies op 'n bepaalde patroon te geskied. Die beste metode is waarskynlik dié waar die onderrig van die ouer en dié van die kerk bymekaar aansluit. Die kategetiese stof wat vir die kinders voorgeskryf word vir Sondag, gebruik die ouer ook gedurende die week. Die voorgeskrewe gedeeltes word uit die Bybel tydens die huisgodsdiens voorgelees, dit word bespreek, dit word geleer en saam deur ouers en kinders oorpeins.

Die ouers onderrig hulle kinders nie alleen met woorde nie, maar ook met dade. Die voorbeeld wat die ouer vir die kind stel, is dikwels belangriker as die woorde wat hy spreek. Die woord wat die ouer spreek, moet hy self glo en self uitleef. Die ouer mag nie vir die kind sê: "Jy mag nie die Naam van die Here nie ydelik gebruik nie", en tog doen hy dit voortdurend self. Die ouer kan nie vir die kind sê: "Jy moet Sondag kerk toe gaan", en hy sit self by

KITAL

die huis nie. Eers as die ouer self vir die kind die voorbeeld gestel het, kan hy verwag dat die kind sal luister.

Met betrekking tot ons kinders se kategese behoort daar 'n beter gesindheid by ons ouers te bestaan. Die praktyk het aan die lig gebring dat daar weinig ouers is wat nog self hulle kinders onderrig in die Woord van God en dat daar ook weinig ouers is wat toesien dat hulle kinders die kategetiese stof leer wat deur die kerk voorgeskryf word. Oor die algemeen is die ouers alleen bekommerd oor hulle kinders se materiële welsyn. Die ouers toon 'n oneindige belangstelling in hulle kinders se alledaagse vordering op skool. Ure en ure sal ouers saam met hulle kinders rondom die skoolboeke deurbring, maar dikwels nie eers een uur of een minuut per week rondom die Bybel en die katkisasieboeke nie. Die profeet Hosea het by geleentheid gekla: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis" (Hos. 4:6). Hy het bedoel kennis aangaande God en sy Woord. Geld dieselfde woorde nie vandag ook nie – dit nie vanweë lui of roekelose kinders soos dikwels gesê word nie, maar vanwee onverantwoordelike, materialisties georiënteerde ouers?

Met eie krag en vermoëns kan geen ouer sy kinders katkiseer soos dit hoort nie. Met eie deugde kan geen ouer in leer en lewe vir sy kind die waaragtige voorbeeld stel nie. "As die Here die huis nie hou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou, as die Here die stad nie bewaak nie, tevergeefs waak die wagter" (Ps. 127:1 en 2). As die Here nie self die nodige liefde, geduld, kennis, insig en deursettingsvermoë gee nie, is al die ouer se pogings tevergeefs. Dit is per slot van sake God self wat die vrugte op die ouer se arbeid moet gee. Ons kan alleen plant en natmaak; dit is God self wat moet laat groei. Alleen met God se genade kan die ouer doen wat van hom verwag word. Alleen in die geloof, voortdurend biddend afhanklik van God kan die ouer hierdie werk doen.

Die kerk moet katkiseer

Christus het die opdrag om die gedooptes te onderrig aan sy kerk gegee. Tydens die doop is die kind in werklikheid in die kerk ingedoop. Die kinders van gelowiges het deel aan die verbond van God. Hulle is van hulle geboorte af reeds deel van die verbondsvolk, deel van die kerk van Christus. Tydens hulle doop is hierdie "deelwees" van die kerk, sigbaar aan hulle betuig en bevestig.

Hulle het sedert die dag van hulle doop die besondere objek van die kerk se verkondiging geword. Die kerk wil hierdie gedoopte kinders op 'n besondere wyse versorg. Die kerk wil vir hulle preek, die pastoraat aan hulle bedien, maar hulle ook katkiseer. Dit is die kerk wat hulle gedoop het en daarom is dit ook die kerk se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle hulle doop verstaan. Die kerk het deur die doop op grond van die Woord van God vir hulle gesê: "Julle is die kinders van die hemelse Vader, julle is duur gekoop met die bloed van Christus; die Heilige Gees is ook aan julle gegee." Dit is nou die werk van die kerk om toe te sien dat dit wat tydens die doop aan die kinders betuig en verseël is deur hulle uitgeleef en geglo word. Dit wil die kerk doen deur al sy verkondigingsgestaltes, maar in die besonder deur die kategese.

Wie in die kerk moet kategeet wees? Kategese is verkondiging in 'n bepaalde gestalte. As kategese verkondiging van die Woord is, is dit vanselfsprekend dat dit in die eerste plek die werk van die predikant is. Hierdie besondere funksie word in die bevestigingformulier op 'n duidelike wyse aan die predikant opgedra. "Ten eerste dat hulle die Woord van die Here deur die Skrifte van die profete en apostels geopenbaar, grondig en opreg aan hulle gemeentes moet verkondig en dit moet toepas, sowel in die algemeen as in die besonder, tot nut van die toehoorders, deur te onderrig, te vermaan en te bestraf, volgens die behoefte van elkeen" (Formulier om die dienaars van die goddelike Woord te bevestig). Die werk in die gemeente behoort so ingerig te word, dat die predikant voldoende tyd vir die kategese sal kry. Iemand het by geleentheid gesê dat 'n predikant wat nie gereeld iemand katkiseer nie, nie salig kan lewe en sterwe nie. Vanweë die wye omvang van die werk is dit nie altyd moontlik dat die predikant al die kinders in die gemeente kan katkiseer nie. Die algemene werkwyse wat die kerk tans volg in verband met die kategese, nl. dat die predikant Sondagoggende oor die voorgeskrewe kategetiese stof preek, bied 'n oplossing. Is dit nie dieselfde werkwyse as dié van die kerkhervormers wat Sondagmiddae uit die kategismus gepreek het nie? Al kan die predikant nie al die kinders in die besonder onderrig nie, beteken dit nou nie dat hy hoegenaamd nie moet katkiseer nie. Die minste wat hy seker kan doen, is om elke week, al is dit net vir een uur, die finalejaar kategese waar te neem. Myns insiens behoort die kerk weë en middele te bedink

hoe dit gereël kan word dat die predikant al die kategesegroepe van tyd tot tyd sal onderrig.

Naas die predikant is die kerkraad, in die besonder die ouderlinge, verantwoordelik vir die kategese. Die ouderlinge behoort al die klasse waar te neem waar dit nie vir die predikant moontlik is nie. Volgens die bevestigingsformulier vir ouderlinge het hulle in die besonder 'n opsighoudende funksie met betrekking tot die kategese. Die ouderlinge moet toesien dat die ouers self hulle kinders onderrig. Hulle moet toesien dat die kinders gereeld die klasse bywoon en die voorgeskrewe stof ken. Die betrokke kerkraad behoort dit so te reël dat daar gereeld aan elke ouderling verslag gegee word met betrekking tot sy wyk se kinders. As die ouderling hierdie verslag ontvang, moet hy 'n grondige gesprek gaan voer met die ouers en hulle kinders.

In al die gemeentes is daar nie altyd genoeg kerkraadslede wat bereid is om die kategese amptelik waar te neem nie. In sulke gevalle word gewoonlik gebruik gemaak van gewone gemeentelede wat dan funksioneer as hulpkategete. Die kerkraad kan nie sondermeer toelaat dat enige lidmaat hierdie werk doen nie. Die kerkraad sal moet toesien dat die geskikste persone in die gemeente dit doen. Op grond hiervan is dit noodsaaklik dat die kerkraad die kategete amptelik sal aanwys. Dit is noodsaaklik dat elke kategeet so goed as moontlik vir sy taak toegerus is.

Die verhouding tussen kategese en ander verkondigingsgestaltes

Die kategese en die ander verkondigingsgestaltes is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. As ons gaan kyk na die Nuwe Testament sien ons dat daar in die vroegste tyd nie 'n skerp lyn tussen die verskillende verkondigingsgestaltes getrek is nie. As ons 'n bepaalde verkondigingsgeleentheid in die Nuwe Testament neem, kan ons nie presies sê hier het ons te doen met prediking alleen, of kategese alleen, of pastoraat alleen of evangelisasie alleen nie. Hierdie vier is so nou aan mekaar verbonde dat ons selfs kan praat van 'n vier-eenheid. Elkeen bevat altyd 'n element van die ander ook. Dit bring noodwendig mee dat wanneer die kerk preek, die pastoraat beoefen, en evangeliseer, hy tegelyk ook besig is om te katkiseer. Elke verkondigingsgeleentheid moet die kerk daarom ook gebruik ter will van die kategese. Dit plaas die predikant onder die verantwoordelikheid om so te preek en so huisbesoek te doen dat die Woord wat verkondig word ook deur die kinders van die gemeente begryp sal word. Dit plaas die ouers onder die verantwoordelikheid om te sorg dat hulle kinders Sondae in die erediens teenwoordig is, en ook in die week wanneer daar huisbesoek gedoen word.

Een verkondigingselement kan nie sondermeer bo die ander verhef word nie. Uit die Nuwe Testament en die kerkgeskiedenis is dit egter duidelik dat die erediens van die gemeente nog altyd die sentrale aspek van die kerk se funksionering in die wêreld was. Met die kategese bind die kerk die katkisant aan God maar tegelyk aan die kerk. God en sy kerk kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die kerk met sy verkondiging is die besondere middel wat God gebruik om geloof aan mense te gee en om hulle in daardie geloof te versterk. As die kerk in die besonder tydens die erediens op Sondag die Woord verkondig, is dit noodwendig dat die katkisante geleer moet word om hulle lewe so in te rig dat hulle erediens na erediens in die kerk teenwoordig sal wees. Ná belydenis van geloof moet die katkisante se geloof nog steeds versterk word deur die verkondiging van die Woord en die gebruik van die sakramente. Beide Woord en sakrament word alleen in die erediens gereeld deur die kerk bedien. As die kind in sy katkisasiejare nie geleer het om gereeld die eredienste by te woon nie,

KITAL

leer hy dit ook nie later nie. Die kerkraad behoort bywoning van die erediens deur die kinders net so belangrik te ag as bywoning van die kategeseklasse. Ons verwag dat ons belydende lidmate twee keer op 'n Sondag die eredienste moet bywoon. Ons behoort dieselfde van ons dooplidmate te verwag.

Tydens die huisbesoek behoort beide predikant en ouderling besondere aandag aan die kategese te gee. Die verslag van die kategeet ten op sigte van elke kind se bywoning en kennis behoort die predikant en die ouderling te vergesél tydens huisbesoek. Met ouers en kinders behoort tydens hierdie geleentheid 'n grondige gesprek in verband met die kategese aangeknoop te word. Miskien sal dit goed wees as tydens die finalejaar kategese met elke katkisant 'n afsonderlike gesprek gevoer word in verband met hulle verantwoordelikheid.

Aangesien dit hier hoofsaaklik gaan oor die kategese van dooplidmate sal ons nie handel oor die verhouding tussen kategese en evangelisasie nie. Net een opmerking: Die kategese moet altyd sodanig wees dat die katkisant besef dat hy self, veral na belydenis van geloof, 'n taak en 'n roeping het om met ander oor die evangelie van Jesus Christus te praat.

Die kategetiese stof

Die kategetiese onderrig omvat "die kennis van die Bybel, die geloofs- en sedeleer, die Kerkboek, die geskiedenis van die kerk en kennis van en die oefening in die sing van psalms en gesange" (Kerkwet bepaling 90, 2, bladsy 60).

1. Kennis van die Bybel

Die kerk wil met sy kategese die katkisant se geloof in die drie-enige God versterk. Die katkisant sal uiteindelik moet bely dat hy glo in die drie-enige God. Die versterking van die geloof is alleen moontlik deur die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees werk nie op enige willekeurige wyse nie. Die Heilige Gees maak gebruik van die Bybel. Geloof in God is alleen moontlik as ons God ken. God kan net in een plek geken word en dit is in sy Woord. Die Woord moet daarom altyd die middelpunt van die kategese wees.

Die Bybel is 'n eenheid. Beide Ou- en Nuwe Testament het net een sentrale inhoud en dit is die verlossing van God in Jesus Christus. Die kerk het die opdrag om die hele Woord van God te verkondig (Matt. 28:19, 1 Kor. 1: , Handl. 20:27, 2 Tim. 3:16, Open. 22:18, 19). Tydens die kategese moet die hele Bybel aan die katkisante verklaar word. Die katkisante moet die hele Bybel bestudeer en ken.

As die kerk bepaalde Bybelgeskiedenisboeke vir die kinders voorskryf, dien dit nie ter vervanging van die Bybel nie. Dit dien bloot as hulpmiddels by die Bybel, dit dien as kommentare. Daar moet altyd teruggegaan word na die oorspronklike bron, naamlik die Bybel self.

2. Geloofs en sedeleer

Ons mag die Bybel nie op enige willekeurige wyse verstaan nie. Die Bybel wil verstaan word ooreenkomstig sy eie aard en bedoeling. As reformatoriese kerk wil ons die Bybel verstaan soos die kerk dit verstaan het vanaf die tyd van die Kerkhervorming. Ons wil die Bybel verstaan soos ons belydenisskrifte dit vir ons kort saamvat en verklaar. Vir die kerk is sy belydenisskrifte die eerste en die beste kommentaar van die Bybel. Om alle willekeur met be-

trekking tot die verstaan van die Bybel uit te sluit, moet die katkisante die inhoud van die kerk se belydenisskrifte ken. Die belydenisskrifte is nie alleen die beste kommentaar op die Bybel nie, maar ook die beste opsomming van die Bybel. In ons stryd teen sektariese storminge het ons dikwels kort geformuleerde antwoorde nodig. Hierdie kort antwoorde word vir ons nêrens beter gegee as in die belydenisskrifte self nie.

Die kerk het drie belydenisskrifte: Die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Die ideaal sou wees dat elke katkisant die inhoud van elkeen van hierdie drie na behore ken. Praktiese omstandighede maak dit nie altyd moontlik nie. Tans maak die kerk hoofsaaklik gebruik van 'n kort opsomming van die Heidelbergse Kategismus om die geloofsleer met die katkisante te behandel. Hierdie opsomming is so opgestel dat dit die kern bevat van elke vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus. In die verklaring van elke vraag en antwoord word telkens na al drie die kerk se belydenisskrifte verwys.

Die sedeleer is 'n integrerende deel van die geloofsleer. Die sedeleer handel oor die gebooie en voorskrifte wat die gelowige uit dankbaarheid moet gehoorsaam. Geloof sonder werke is dooie geloof (Jak. 21:14–26). Die kerk beskou geloof en goeie werke nie as twee aparte sake nie. Geloof en werke is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. As die geloof waaragtig is, vloei uit daardie geloof outomaties die goeie werke voort. Om hierdie eenheid tussen geloof en werke te beklemtoon, behandel die kerk geloofsleer en sedeleer saam. Die kategeet moet egter toesien dat hy die geloofsleer deurtrek na die sedeleer. Die bepaalde lewe wat die gelowige behoort te leef op grond van sy geloof in Jesus Christus moet tot in die fynste besonderhede bespreek word. Die meedeling van 'n paar algemene waarhede in hierdie verband is nie genoeg nie.

3. Die Kerkboek

"Die Kerkboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bestaan uit: Die Belydenisskrifte, die Liturgiese geskrifte, die Psalm en Gesangeboek" (Kerkwet, artikel 13, bladsy 4). Onder die liturgiese geskrifte verstaan die kerk: die drie ekumeniese simbole; die formuliere, die kerkwet en liturgiese geskrifte wat in die besonder die gemeente se erediens beskryf. Die Apostoliese geloofsbelydenis word wel behandel in ons huidige Geloofsleer-

boek, maar nie die ander twee ekumeniese simbole, die geloofsbelydenis genoem na Athanasius en die geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel nie. Dit is seker nie nodig om hierdie twee belydenisse apart te behandel nie, maar om wel met die behandeling van die Apostoliese geloofsbelydenis die stof so deur te trek dat dit die ander twee ook sal dek. Die behandeling van die formuliere vereis wel besondere aandag tydens die kategese. Dit bied besondere geleentheid om te handel oor die sake wat in die geloofsleer nie in die besonder aan die orde kom nie. Aangesien die erediens die sentrale van elke gelowige se lewe behoort te wees, kan dit nie anders dat breë behandeling van hierdie saak sal plaasvind nie. Die behandeling van die Kerkwet is absoluut noodsaaklik. Die katkisant moet na belydenis van geloof, sy geloof in 'n bepaalde kerk en 'n bepaalde gemeente gaan uitleef. Hoe kan hy dit doen as hy nie daardie bepaalde kerk se bepalings ken nie?

4. Die geskiedenis van die kerk

Die kerk bestaan en funksioneer in die tyd. Die kerk het 'n verlede en 'n toekoms. Die verlede van die kerk loop vanaf Adam en Eva in die Paradys tot op die hede. Die toekoms van die kerk loop tot by die weerkoms van Christus. Die verlede is verby. Die toekoms moet nog geleef en beleef word. Die verlede het besondere hoogtepunte en laagtepunte gehad. Die gebeure van die verlede het daartoe meegewerk dat die kerk in die hede juis op 'n bepaalde wyse funksioneer. Hy wat wil weet waarom dit juis sus en so is moet die geskiedenis ken. So kan, byvoorbeeld, niemand wat die geskiedenis nie ken nie, sê waarom daar vandag 'n Hervormde Kerk is nie. As iemand die geskiedenis nie ken nie, weet hy nie waarom daar vandag drie Afrikaanse kerke in Suid-Afrika is nie. Die geskiedenis leer ons nie alleen om die verlede en die hede beter te verstaan nie, maar ook om op 'n meer verantwoorde wyse in die hede te leef en te handel. As ons die geskiedenis van die kerk ken, kan ons die slegte van die verlede nalaat en alleen voortbou op die goeie en die sinvolle van die verlede. Met die behandeling van die kerkgeskiedenis moet daar ook besondere aandag aan die sektariese strominge gegee word.

KITAL

5. Kennis van en die oefening in die sing van psalms en gesange

Die kerklied het van die vroegste tyd af 'n integrerende deel van elke gelowige se lewe uitgemaak. Die Godsvolk van die Ou Testament was 'n singende volk. Die gemeente van die Nuwe Testament was ook nog nooit sonder sy sang nie. Die sang is die antwoord wat die gemeente gee op die Woord van God. God spreek tot die mens deur sy Woord. Die mens antwoord op hierdie Woord met sy sang. Hierdie antwoord van die gemeente kan nie enige willekeurige antwoord wees nie. Hierdie antwoord van die gemeente moet ooreenstem met sy geloof wat gebaseer is op die Woord van God. Die kerk wil met sy bepaalde psalms en gesange uitdrukking gee van sy geloof soos die Bybel en die belydenisskrifte dit vir hom leer. Sodat ons spontaan kan antwoord gee op die Woord van God is dit noodsaaklik dat ons tydens die kategese besondere aandag moet gee aan die psalms en gesange wat inhoud en sang betref.

Die omvang van die stof is wyd. Dit kan en mag nie met een enkele sentimeter verskraal word nie. Hierdie stof kan nie in 'n week of twee geleer en verklaar word nie. Ten minste agt tot nege jaar is nodig. Op grond hiervan verwag die kerk dat sy kinders moet katkiseer van hulle sewende tot hulle sestiende jaar.

Toelating tot belydenis van geloof

Die kerkraad kan 'n katkisant eers toelaat om belydenis van geloof te doen, as die kerkraad daarvan oortuig is dat die katkisant die voorgeskrewe stof ken en sy gesindheid reg is. Die kerkraad kan 'n katkisant eers toelaat as die kerk die volle omvang van die kategetiese stof vir die katkisant verklaar het. Hieruit is dit duidelik dat niemand in 'n periode van 'n paar weke of maande klaar kan katkiseer nie. Soos reeds vantevore gesê is, is 'n paar jaar hiervoor nodig. Elke kerkraad moet daarom noulettend toesien dat die gedoopte kinders van die gemeente reeds van kleinsaf die katkisasieklasse gereeld bywoon. Daar behoort register gehou te word van elke kind se bywoning en kennis vandat hy met die kategese begin totdat hy belydenis van geloof aflê. Onder geen omstandighede mag 'n groep katkisante onder die indruk gelaat word dat hulle almal aan die einde van 'n bepaalde periode sondermeer toegelaat sal word om belydenis van geloof af te lê nie. Dit moet van die begin af aan hulle duidelik gestel word dat hulle toegelaat sal word wanneer hulle kennis en gesindheid reg is. Dit lyk nie reg om die aand wanneer die katkisante voor die kerkraad verskyn vir 'n paar te sê hulle moet langer katkiseer nie. Hierdie probleem kan oorbrug word as katkisante eers toegelaat word tot die finale klas as hulle kennis en gesindheid alreeds 'n bepaalde vlak bereik het. Die meeste kinders van die gemeente katkiseer van hulle sesde tot sestiende jaar. Daar is egter elke jaar 'n groepie wat net kom vir die finalejaar katkisasie. Dit lyk geregverdig dat niemand tot die finale jaar toegelaat moet word as hy nie ten minste een jaar in die voorbereidende klas was nie.

Praktiese aanbevelings

1. Aangesien die predikant die primêre kategeet in die gemeente is, verwag die kerkraad van hom dat hy Sondagoggend oor die voorgeskrewe kategetiese stof preek.

2. Gedurende, bv. 1976, 1977 en 1978 behandel die predikant in die prediking die Heidelbergse Kategismus-vrae, -antwoorde en tekste wat aansluit by die geloofsleer; vrae en antwoorde wat die kinders vir die besondere Sondag moet leer. Gedurende 1979, 1980 en 1981 neem die predikant die Bybelse stof as uitgangspunt vir die prediking. In dieselfde volgorde word die stof elke 6 jaar herhaal.

3. Daar word verwag dat al die kinders van die gemeente die erediens in die oggend en so ver moontlik in die aand bywoon.

4. Elke gemeente doen so ver moontlik weg met die praktyk om kategese te bedien op 'n ander plek en tyd as die amptelike eredienstplek en tyd van die gemeente.

5. Na die erediens duur die gewone kategese nog 'n halfuur onder leiding van die superintendent vir kategese.

Die kinders sing die psalms en gesange wat in die "Geloofsleer" aangegee word.

Indien moontlik verklaar die predikant kortliks en eenvoudig al die voorgeskrewe stof vir die kinders.

Die kinders verdeel in klasse. Die registers word gemerk. Die kategete stel ondersoek in na die kennis van die kinders en verduidelik die stof nog verder.

6. Die name word aan die begin van die jaar in die roosters opgeskryf, nie volgens die kinders wat teenwoordig is nie, maar uit die gemeenteregister. Dit bring mee dat dit dadelik opgemerk word as 'n bepaalde kind nooit by die kategese opdaag nie.

7. Aan die einde van elke termyn gee elke kategeet verslag aan die kerkraad oor die kinders wat die kategese nie gereeld bywoon nie en nie die voorgeskrewe werk ken nie.

8. Aan die einde van die jaar word van elke kind se bywoning en kennis aan die kerkraad verslag gegee. 'n Bepaalde vorm kan vir dié doel opgestel word. Dit sal goed wees as die kerk se Raad vir Kategese werk aan 'n vorm waarop die presensie en kennis van elke kind aangedui word en wat tegelyk kan dien as 'n verslagvorm aan die ouers.

9. Nadat die wyksouderling die verslag van die kategete ontvang het, word dit so gou as moontlik met die ouers en die kind bespreek.

10. Aan die einde van elke jaar behoort elke ouderdomsgroep se registers bewaar te word met die oog op toelating tot die finalejaar katkisasieklas.

11. Kinders word alleen toegelaat tot die finalejaar kategese as die voorbereidingsjare deurloop is. 'n Minimum vereiste van een jaar in die voorbereidingsklas behoort as algemene reël te geld. In die geval van volwasse kategese kan 'n uitsondering gemaak word.

12 Die klasse word ingedeel volgens ouderdom en nie volgens skoolstanderd nie. 'n Kind val onder 'n bepaalde ouderdomsgroep in die jaar waarin hy daardie ouderdom bereik. As 'n kind in 1977 die ouderdom van 7 bereik, val hy onder die sewejariges. Die lesrooster vir ons kategese is tans so ingedeel dat die katkisante gedurende hulle finale jaar 16 behoort te word. Vroeg in die volgende jaar behoort hulle belydenis van geloof af te lê.

13.1 Volgens die lesrooster leer al die kinders van die hele kerk elke Sondag dieselfde stof. Gedurende 1976 leer die kinders die stof wat aangegee word as eerste jaar. Gedurende 1977 die stof wat aangegee word as tweede jaar en in 1978 die stof wat aangegee word as derde jaar. In 1979 word weer voor begin. In 'n periode van 3 jaar word die stof deurgewerk. As die katkisant vanaf die jaar waarin hy 7 word die kategese bywoon, beteken dit dat hy die stof 3 keer deurwerk voordat hy in die finale jaar kom.

13.2 Die kinders leer die voorgeskrewe stof soos volg: 7-, 8- en 9-jariges leer by Geloofsleer net die tekste; by die Bybelgeskiedenis en Kerkgeskiedenis net die hooffeite. Die 10-, 11- en 12-jarige leer by Geloofsleer net die vraag en die antwoord; by die Bybelgeskiedenis en Kerkgeskiedenis ook net die hooffeite. Die , 13-, 14- en 15-jariges leer by Geloofsleer die vrae, antwoorde en tekste; by Bybelgeskiedenis en Kerkgeskiedenis alles.

13.3 Die hoof Bybelse- en Kerkgeskiedenisfeite sal in die toekoms maandeliks in die Hervormer beskryf word. As dit nie gebeur nie kan die predikant of 'n bekwame kategeet hierdie opsomming vir sy eie gemeente maak.

14. Om vas te stel hoedanig elke gemeente se stand van kategese is, is dit noodsaaklik dat al die kinders van die gemeente deelneem aan die kerk se Bybelkenniseksamen.

15.1 Die finale kategeseklas behoort ten minste twee uur per week te katkiseer.

15.2 Die predikant behoort ten minste een uur per week van hierdie klasse waar te neem.

15.3 In die finale jaar val die klem hoofsaaklik op die verklaring van die stof.

15.4 Al die voorgeskrewe stof wat deur die kerkwet bepaal is, behoort behandel te wees voordat die katkisante toegelaat word om belydenis van geloof af te lê.

15.5 Aan die begin van die jaar behoort 'n rooster opgestel te word waarvolgens die finalejaar kategese plaasvind.

15.6.1 Die toelating tot die belydenis van geloof geskied op 'n amptelike kerkraadsvergadering.

15.6.2 As katkisante se kennis en gesindheid nie reg is nie, behoort hulle beslis langer te katkiseer.

15.6.3 Om alle probleme te voorkom, is dit goed dat geen katkisant tot die finalejaar kategese toegelaat word as hy nie reeds klaar oor 'n bepaalde kennis en gesindheid beskik nie.

16. Die kerkraad wys elke jaar die kategete aan. Dit sal goed wees as elke kategeet ook 'n hulpkategeet het.

17. Vir die nodige toerusting word al die kerk se kategete aangemoedig om in te skryf vir die kerk se Kategete-diplomakursus.

18. Alle gemeentes behoort hulle geboue so in te rig dat die kategese sonder enige steurnis bedien kan word.

19. Aangesien die kerkraad nie self as geheel elke Sondag opsig oor die kategese kan hou nie, word 'n bepaalde ouderling vir dié doel afgesonder. Hierdie ouderling staan in die kerk bekend as die superintendent vir kategese.

20. Die vernaamste funksies van die superintendent vir kategese is die volgende:

20.1 Hy rus homself na behore toe met betrekking tot die kategetiese stof, die kerk se besluite en beskouings oor die kategese.

20.2 Hy open die kategeseklasse op Sondagoggend en doen die nodige afkondigings. Dit sal goed wees as hy elke Sondag self vir al die kinders sê watter stof vir die volgende Sondag geleer moet word.

20.3 Hy sien toe dat alle registers behoorlik ingevul is en elke Sondag gemerk word.

KITAL

20.4 Hy sorg dat aan die einde van elke termyn of jaar 'n behoorlike verslag van elke kind se bywoning en kennis aan die kerkraad voorgelê word.

20.5 Hy sien toe dat elke kategeet na behore voorbereid is en die stof wat ter sake is, behandel word.

20.6 Hy hou 'n presensielys ten opsigte van die kategete.

20.7 In gevalle waar kategete nie gereeld teenwoordig is nie, en hulle werk nie na behore gedoen word nie, beveel hy aan dat die kategeet met iemand anders vervang word.

20.8 Hy skep besondere geleenthede waartydens die kategete vir hulle taak toegerus word.

20.9 Hy sien toe dat al die kinders van die gemeente deelneem aan die Bybelkenniseksamen.

20.10 Hy bedien die kerkraad met advies insake die gemeente se kategese.

20.11 Hy verskaf aan die kerkraad die nodige inligting met die oog op die jaarverslae vir die ringsvergadering.

20.12 Hy sorg dat die voorraad kategetiese handboeke voldoende is.

ISBN 0 7986 0394 1